# BARRIES BARNARD

**Datum:** **20 April 2011**
**Plek:** **Marion-Eiland**
**Vraagsteller (V):** **Dora Scott (C·I·B) Antarktiese Projek, Stellenbosch Universiteit**
**Antwoordsteller (A):** **Kapt. Barries Barnard | 2009 Helikoptervlieënier | Titan Aviation**

**V:** Nou Kaptein, wat maak jy hier?

**A:** Ekke? Ek kry koud hier ... Ja, ons is basies hier net om ... Wie's hulle nou? Dis mos nou nie meer DEAT nie; dis nou DEA ... Om hulle te help met hulle logistiek, hulle voorraad op en af te ry en die mense op en af te vlieg van die boot af.

**V:** Oukei. Dis nou Titan Aviation?

**A:** Titan Aviation; Titan Helicopters, Titan Aviation; ja.

**V:** Hoe lank is jy al betrokke – eerstens by die DEA se program, en tweedens by Titan?

**A:** Jissie ... DEAT se program ... nou 3 jaar. En by Titan is ek nou al 12 jaar en ek vlieg al 25 jaar.

**V:** En jy vlieg die helikopter? Of vlieg jy ander goed ook?

**A:** Ek het eers *fixed wings* gevlieg en nou is dit helikopters.

**V:** Watse helikopter vlieg jy?

**A:** Watter? Op die oomblik vlieg ek die Kamov KA-32 en as ek in die Kaap is, ook die Kamov en dan meestal die Bell-212.

**V:** Nou wanneer het Titan begin om betrokke te raak by DEA se program?

**A:** Wel ek weet nie. Hierdie is 'n 5-jaarkontrak as ek dit nie mis het nie; is mos né?

**V:** Ek dink so, ja.

**A:** Ek dink dis 'n 5-jaarkontrak, ja; vat 5 jaar af. En hulle het getender vir die program – *well*, vir die kontrak – en hulle het dit gekry, want daar was niemand wat dit kon doen op daai stadium nie. En ek dink op dié stadium is daar nog steeds niemand wat dit kan doen nie.

**V:** En toe jy nou begin betrokke raak het, het hulle vir jou die opsie gegee om te sê wel, ons is betrokke by Marion-eiland en by SANAP – wil jy gaan? Of het hulle net gesê jy gaan?

**A:** Nee, hulle het die opsie gegee, maar op die ou einde het hulle uit vlieëniers uitgehardloop wat die Kamov kan vlieg, vir *starters*, en toe lyk dit vir my was ek toe op die einde die enigste een wat die *job* moes vat.

**V:** Oukei. So voor hy hiernatoe gekom het, wat het jy geweet van Marion en van SANAE en van Gough?

**A:** Ek het geweet van die eilande; ek het geweet min of meer wat hulle gedoen het, ja. Maar nooit gedink ek sal ooit hiernatoe kom nie, so ... Maar ek het geweet. Ek het geweet van die Agulhas, van Marion, Gough, Antarktika.

**V:** Oukei. Nou watse voorbereidings moes julle tref voor julle afgekom het – die eerste keer en dan ook elke keer se voorbereidings?

**A:** Gelukkig het ons ... Kyk, voorheen het CHC Helicopters dit mos gehad, die kontrak, en hulle het toe die *expertise* van Dick Gillet – ek weet nie of jy hom ken nie? – gebruik gemaak, en hy was ook toe die *team leader* en *project leader* – wat ek nou is – en met sy ondervinding het 'n ou dit maar opgebou, want hy was 'n paar jare al, met CHC se dae, was hy betrokke by die *Antarctica and Islands Program*.

**V:** Oukei; goed.

**A:** Maar daar is 'n redelike klomp voorbereiding wat 'n ou moet tref. Marion en Gough nie so erg nie, omdat dit redelik ... as iets, weet soos 'n *serious snag*, wat ons noem ... 'n enjinprobleem het, dan kan hulle altyd iets afvlieg of aanstuur – dis gou-gou. Maar Antarktika is nogal 'n logistieke nagmerrie.

**V:** Wat behels die voorbereiding alles?

**A:** O jissie ... Daar's baie goed wat 'n ou moet aan dink. Kyk, helikopters het baie *maintenance*, onderhoud wat gedoen moet word, en jy moet vooruit beplan watse tipe *maintenance* nodig gaan wees. Gewoonlik wat ons doen voor 'n Marion- of 'n Gough- of 'n Antarktika-*trip*, dan maak ons seker dat die vliegtuig soveel as moontlik ure – want jy moet elke 25 uur, 50 uur en dan 'n 100 uur, moet jy die vliegtuie onderhoud gee. So ons maak maar seker dat al daai goed redelik op datum is. Dis die minste wat ons kan doen, of die meeste wat ons kan doen.

**V:** En dan, hoe werk dit dan? Kom land julle hom op die skip en dan bind julle hom vas?

**A:** Ja ... *What* ... ? Praat jy van *maintenance*, of wat?

**V:** Nee, nee. Ek praat nou in terme van voorbereiding vir die reise af?

**A:** Ja, so dag of twee voor die tyd, dan word ... vlieg ons, of ons ry al ons logistieke goed, soos onderdele, goed wat ons gaan nodig hê, op die skip, en dan 'n dag of twee dae voor die tyd land ons helikopter op die skip; hulle bind hom vas; berei hom voor die die vaart ... ja.

**V:** Nou julle het nog elke keer met die Agulhas afgegaan?

**A:** Ja.

**V:** ... En wie was die kaptein?

**A:** Op die Agulhas?

**V:** Ja.

**A:** O, daar was ‘n paar. Partykeer was dit Kaptein Dave Hall, Freddie Lichthelm en nou die afgelope paar tyd is dit Gavin Sindercombe – dis maar al drie wat ek ken, wat ek saam mee gevaar het.

**V:** Nou op die reise af, wat doen julle gewoonlik?

**A:** Hmm ... Jy weet mos – daar’s nie veel om te doen nie, behalwe ... Daar’s ‘n paar hoogtepunte: wanneer die *bar* oopmaak ... ! en wanneer jy opstaan en gaan slaap; *that’s about it*. Daar’s nie veel te doen op die boot nie; jy weet dit mos al.

**V:** Ja. En julle ... So julle’s eintlik maar af op die skip; julle kan niks doen nie. Julle werk begin eintlik as julle hier aankom?

**A:** Man, ja – Marion en Gough, omdat dit dag en nag is. Kyk, ons kan in die nag ook vlieg, maar verkieslik nie. Maar as ons nou afgaan SANAE toe, na die 6de dag, 7de dag, dan begin dit mos nou ander daglig, 24-uur dag raak, so dan is jy maar basies half, jy kan amper sê, 24 uur op *standby*. Gelukkig, as daar twee *pilots* is, dan ...

**V:** Help dit.

**A:** Dan kan jy *shifts* vat, ja.

**V:** Nou is dit nou op pad af, of dit nou as julle daar aangekom het?

**A:** Nee, kyk, as ... Kyk, dit vat mos omtrent 10 dae om daar te kom. Hier na dag 6, 7, dan begin die dae mos nou langer raak, dan’s dit mos nou 24 uur dag; van dan af is ons op *standby*.

**V:** *Standby* vir wat?

**A:** Ag, hulle ... Ek dink die kontrak sê – ek’s nie 100% seker nie – dat ons soort van dan op ‘n *emergency standby* is vir as daar ‘n skip in moeilikheid is, want ons gaan mos ...

**V:** In die omgewing nou?

**A:** Ja ... Wal al gebeur het.

**V:** O?

**A:** O ja.

**V:** Hoe so? Vertel so bietjie.

**A:** Ja wel, ons het dit nou nie gedoen nie. Ek weet van die vorige ouens, toe CHC nog betrokke was, het hulle ... was daar ‘n seiljag wat ...

**V:** O!

**A:** Ja.

**V:** Goeie genugtig!

**A:** Ek weet nie waarnatoe hy op pad ... Ek dink hy't van Australië af gekom, *somewhere*. En jy weet mos, jy't die see nou al ervaar ... So rowwe see gehad; die mas gebreek, en hulle was vier – hulle het drie *gerescue* en die ander een het hulle nie gekry nie.

**V:** Joe; woes.

**A:** Ja; dit gebeur.

**V:** Ja. Nou in al jou vaarte af na SANAE en Marion en Gough toe, het daar ooit enigiets interessants gebeur of iets waaraan jy nou kan terugdink? Is dit maar elke keer min of meer dieselfde beginsel?

**A:** Dis min of meer dieselfde ... *boring,* totdat jy daar aankom, en dan begin jy vlieg. Ja, dis maar ... Daar's nie ander woorde nie; dis maar rêrig eentonig.

**V:** Nou die aankoms ... Beskryf vir my jou eerste keer wat jy by SANAE was, by Marion en dan ook by Gough.

**A:** SANAE is 'n ander *animal*. Dis nie die tipe vlieg wat hier ... Hier op Gough en Marion is baie maklik; dis nie enigsins gevaarlik nie – 'n ou moet nou maar net die weer dophou. Maar SANAE is 'n heeltemal 'n ander tipe vlieg. Jy moet bietjie ondervinding hê, ysondervinding – wat ek gelukkig gekry het by die vorige ou wat saam met ons daar was, wat al 'n paar keer daar gevlieg het, so ... ja. Antarktika is baie gevaarlik. As jy nie weet wat jy doen nie, gaan jy definitief in moeilikheid kom.

**V:** En as jy sê "yservaring", wat presies behels dit? Is dit die manier om, sê nou maar, te voorspel as die wind dít doen ... ?

**A:** Ja ... Nee, nee; dit het min daarmee te doen. Dit het *genuine* ... Dis jou ... Die tipe kondisies wat mens kry daar – *whiteouts* en ...

**V:** Al die dinge, ja ...

**A:** Ja, swak kontras, swak ... *visibility* ... Jy weet, as jy opstyg by SANAE-*base*, vat dit jou so 20 minute, dan kan jy al ... As jy van SANAE vlieg ... SANAE na Neumayer toe is so uur en 'n half, uur en 20 minute; na 20 minute se vlieg, kan jy al vir Neumayer sien.

**V:** Is dit?

**A:** (Ja.) So 128 myl ... Man, dis so 80 myl, so 160 km kan jy ver sien.

**V:** Jo ... !

**A:** Dit speel vreeslike snaakse goed met jou brein. Jy kan dit nie glo nie, maar jy moet gewoond raak daaraan. Maar die eerste ervaring ... Gelukkig het ek iemand gehad wat langs my gesit het ... Dit was maar ook nie van die beste nie. Maar dis net ondervinding wat jou daar deurtrek.

**V:** Ek kan nou dink, as jy hom kan sien, dan's die reaksie noodwendig dat hy baie nader is as wat dit is ...

**A:** Ja, jy sien die basis vir myle en dit kom net nie nader nie en dit kom net nie nader nie. Dit speel baie ... Die *illusions* wat jy kry met jou brein, dis *unbelievable*. En as dit net so bietjie bewolk is ... jou diepteskatting – weet, om te kom land en ... Dis so twee jaar terug, het daar 'n Duitse helikopter in 'n ... wat hulle noem 'n zastrugi – hy's net so hopie sneeu – vasgevlieg; seker so 2 m hoog. Hy kon dit nie sien nie.

**V:** Joe; oe ...

**A:** Ja, daar's twee mense dood.

**V:** Goeie genugtig!

**A:** Ja, reg voor die basis *in fact*, by Neumayer.

**V:** Joeg; nee jissie.

**A:** Ja, dis ander tipe vlieg. Dis nie so ... Want jy't nie baie visueel ...

**V:** Visuele leidrade, soos jy op Marion het nie?

**A:** Ja, jy't nie 'n boom of iets wat vir jou ...

**V:** ... of 'n berg ...

**A:** ... definitiewe horison ... Daar is 'n paar dae wat jy *clear blues skies* het, maar dis baie min. So uit die 77 dae wat ons daar was, dink ek was 10 dae maksimum wat jy ... En daai dae moet jy gebruik om te vlieg.

**V:** Goed. Nou, die span waarmee jy vlieg ... Wat presies ... Wat doen hulle?

**A:** Ons bestaan uit ... Ons is gewoonlik tien, waarvan uit vier is twee kapteins en twee *co-pilots*, twee *flight engineers* – waar trek ons nou? Ses? En die res is maar tegniese assistente – een ou vir die Kamov en die een ou vir die 212, want jy moet geduring *maintenance*, soos ek vir jou gesê het, doen op die masjiene; ja.

**V:** So hierdie ouens is dan verantwoordelik – as iets breek, dan moet hulle dit nou gaan ... gou vervang?

**A:** Ja.

**V:** Oukei. Oukei, wanneer julle nou eers hier aangekom het ... Die eerste paar dae is gewoonlik vir julle ... Wel, oral waar julle land, is julle baie besig, want julle doen voorrade en so ...

**A:** Ja.

**V:** Beskryf dit so bietjie vir my – wat dit alles behels.

**A:** Werk! Werk! Werk!

**V:** Ja ... So as ek reg verstaan, julle begin deur dan eerstens die passasiers oor te vlieg?

**A:** Ja, dis maar die *DCO* se *call* hoe hy dit wil doen, maar gewoonlik werk dit so: jy vlieg eers die ... wat hulle noem die inspeksievlug, en dan kom land jy nou hier en hulle gaan *inspect* die basis – of hy nou weet nie wat is nie ...

**V:** Is dit nou meer seremonieel, of is dit nou ... ?

**A:** Ja, netnou is die basis nie volgens standaard ... wat hulle hom vuil of lelik ... en so lyk. Dan sê hulle nou *right*; nee, maak eers die basis skoon voordat ons kom – dis maar wat al ek dink wat hulle doen by 'n inspeksievlug.

**V:** O, oukei. Maar die inspeksievlug, is dit om die eiland, of is dit ... ?

**A:** Nee, dis maar ...

**V:** Is dit rêrig maar net hier in die ... ?

**A:** Jy kom land hierso en die ouens klim uit. Dis gewoonlik nou die *DCO*, die ...

**V:** *Environmental officer*?

**A:** Die *environmental officer*, en al daai tipe ouens van DEAT, en dan kom inspekteer hulle nou; sê hulle *whatever*. En dan begin ons ... sê hulle *right*; julle kan maar begin om die mense af te vlieg.

**V:** Oukei, dan vlieg julle die mense oor ...

**A:** Ja.

**V:** En dan's dit maar ... Oukei, kom ons praat eers spesifiek oor Marion en Gough. So dan's die mense oor, en dan's dit maar begin ... Begin julle voorrade oorvlieg?

**A:** Ja.

**V:** Oukei; *containers*?

**A:** Pak al hulle goed in *containers* en dan vlieg ons maar oor soos hulle dit wil hê; soos dit maar op aanvraag kom.

**V:** Oukei. En dan dieselfde ook as hulle nou daarmee klaar is ... die hutte, op Marion nou?

**A:** Ja, wat hulle noem die *hut restocking*.

**V:** Ja.

**A:** Ja.

**V:** So dan is daar ... laai hulle *containers* met kos, en dan vlieg julle die *containers* ...

**A:** Ja, ons vlieg die nuwe voorraad soontoe ...

**V:** En daar vlieg mense saam wat dit dan seker moet aflaai?

**A:** Ja, die mense gaan saam; laai jy af by die hut. Dan vervang hulle al die ou voorraad met nuwe voorraad – nou dis nou gewoonlik kos en goete. Ja, en dan aan die einde van die dag gaan haal jy die ou *expired* goed, of wat – dis nie altyd *expired* nie ... maar die ou voorraad en bring dit terug basis toe; ja. Gewoonlik is dit 9 hutte ... Is mos 9 hutte; 8 of 9.

**V:** Ja, ek dink ...

**A:** Ag ... en nege is Katedraal; ja.

**V:** Oukei. En op Gough? Daar's mos nou nie hutte nie, so as julle ...

**A:** Nee, dis maar net voorraad afvlieg en *that's about it*.

**V:** Nou as julle nou al hierdie voorrade nou afgevlieg het ... Wag, kom ons doen dit eers vir SANAE. Wat moet julle ekstra daar doen, wat nie noodwendig nodig is by Marion en Gough nie?

**A:** Ek dink die hoofding is maar net om die mense by SANAE uit te kry; so bietjie *scientific flying* – wat jy die *scientists* daar op berge gaan neersit en ... en maar heen-en-weer tussen die boot en SANAE. En so nou en dan bietjie Troll toe. Troll is 'n basis, die Noorweegse basis; en Neumayer, die Duitse basis – dis maar al waarheen ons gaan.

**V:** Oukei. So, die wetenskaplike vlugte ... dan los julle net mense, dan gaan haal julle hulle op 'n stadium?

**A:** Ja.

**V:** Oukei. Goed. Nou as julle nou klaar is met al hierdie goeters, wat doen julle dan?

**A:** Lok jy my uit nou; jy wil weet?! Ja, ons drink so bietjie ... ! Nee, ag wat ...

**V:** Nee ... Is dit ... Ek weet julle werk is natuurlik ook ... hang verskriklik baie van die weer af.

**A:** Ja, ja.

**V:** Byvoorbeeld, vandag, waar julle sou gevlieg het na die hutte toe, maar dis nou so nat en reënerig buite, dis veiliger om nie te vlieg nie.

**A:** Ja. En jou vraag is?

**V:** Die vraag is maar wat doen julle as julle nie werk nie? Want julle is nou klaar en nou sit julle hier ...

**A:** Ag, weet, hier's so baie ... John het gister die 212 ... Weet, daar's *maintenance* wat gedoen móét word, en dan gebruik hy maar dae soos dié om die ...

**V:** ... *maintenance* ...

**A:** ... *maintenance* te doen, jy weet. Daar's gedurig ... het hulle iets om te doen op die helikopters, ja.

**V:** So julle ... Baie van julle goeters is maar *hurry up and wait*? Of ...

**A:** Ja, ongelukkig; ja – *weather dependent*.

**V:** Absoluut, ja.

**A:** Ek's al so gewoond daaraan; dit pla my nie eers meer nie.

**V:** Ja, dis seker maar 'n aanpassing?

**A:** Ja, 'n ou ... Jy raak nooit gewoond daaraan nie, maar wat ... *there's nothing you can do about it*.

**V:** Ja. Ek sien ... dit lyk my julle kyk maar flieks en so?

**A:** Ja.

**V:** Om maar die dae om te kry totdat julle nou weer kan vlieg ...

**A:** *Yep*. En ons probeer die *girls* in die *jacuzzi* kry, maar hulle wil glad niks weet nie ... !

**V:** Ja wat ...

**A:** (Lag.)

**V:** Nou watse interaksie het julle ... eerstens met die konstruksiewerkers gehad? Nou met die afgelope paar jaar, want dis eintlik 'n baie besige tyd gewees ...

**A:** Jong, ons het nie baie met hulle te doen nie, maar ... Hulle werk heeltemal ander tye as ons; hulle is gedurig besig. So ja, ons ken hulle, maar ons ... Omdat ons al op so baie vaarte was, of *voyages*, ken ons meeste van hulle, maar *interaction* – nie rêrig nie. Maar dis 'n klomp *nice* ouens *anyway*.

**V:** En die spanlede by al die basisse – het julle baie interaksie met hulle, of is dit maar ...

**A:** Ja; ja, met van hulle. Soos jy nou maar weet, hulle is 'n snaakse *breed*. Maar, sover as ons *try* ... Maar meeste van hulle is maar *nice* ouens, jy weet. Maar hulle doen ook maar hulle eie ding. Hulle is besig; dis nie te sê as ons hier aankom dat hulle werk staan stil nie, want hulle is nie soveel, so baie, afhanklik van óns nie. Hier en daar is daar 'n *scientific* vlug, maar ek bedoel, hulle is nie rêrig afhanklik ... Veral nie hier nie, want hulle kan oral loop waar hulle rêrig wil, weet; so ...

**V:** Ja, maar is dit ...

**A:** Ja. Behalwe soos nou die dag, toe ons net daai twee se lewe net bietjie makliker gemaak om hulle daar op die berg te gaan aflaai. Maar as hulle rêrig wou, kon hulle geloop het.

**V:** Ja, dis waar. En op Gough? Is dit maar ... ?

**A:** Ag, ons het al een of twee keer ... Kyk, die Gough-*trip* gaan gepaard met die Tristan ...

**V:** Ja.

**A:** Ja.

**V:** Vertel ons bietjie van Tristan ...

**A:** Tristan is ‘n *nice*, *funny* plek; ja. Ja, dis maar ‘n ... Ek weet nie hoe werk dit nie, maar ek dink dis maar ‘n *agreement* tussen die Engelse en Suid-Afrika ...

**V:** Nou hoe lank is julle gewoonlik op Tristan?

**A:** Ag, net 24 uur.

**V:** Rêrig?

**A:** Ja.

**V:** So ...

**A:** Tussen 12 en 24 uur.

**V:** Kry julle baie geleentheid om daar rond te stap?

**A:** Óns kry?

**V:** Ja.

**A:** Ons kry, want ons gaan laai die mense af; ons vlieg hulle af. En daar’s baie keer geleenthede, wat ons vroeër afvlieg, en dan loop ons ‘n bietjie rond, want die mense moet ... Weet, as hulle weer moet terugkom, dan ...

**V:** Ja.

**A:** Ja. Nee, ons ken al die strate daar.

**V:** Nou vertel vir my van Tristan ... Hoe lyk dit? Hoe’s die mense?

**A:** *Funny.*

**V:** Hoe’s so?

**A:** Nee ag, hulle het altyd vir my gesê dis *funny* mense, want hulle lyk snaaks ... En dit is nogal so. Dis nie ... Jy moet dit self sien; ek kan nie vir jou verduidelik nie. Ek is baie ... Baie ouens sê baie verskillende goed ... Hulle sê dis *inbreeding* en al sulke goed ... *which I can believe*. Maar ... *don’t quote me on that*.

**V:** Ja. So as julle nou op Gough is, waar bly julle? Is daar plek in die basis?

**A:** Nee. Ons bly maar op die boot.

**V:** Is dit? Oukei.

**A:** En daar’s so bietjie *recreational* werk daar – ons vang vis.

**V:** O, op ... O, natuurlik, want dis viswaters ...

**A:** (Ja.)

**V:** Dis lekker.

**A:** Ons kry toestemming en ons betaal een *lump sum* of *whatever* vir ‘n vislisensie by Tristan, want dis in hulle water, dan vang ons vis.

**V:** Wat vang julle alles?

**A:** Snoek en blouvis ...

**V:** Oe, lekker!

**A:** En ... Ja, daar’s baie vis. Dis *lovely*.

**V:** Oukei. En dan wat? Braai julle die vis na die tyd?

**A:** *Well*, die meeste van die ouens vang die vis en dan verpak hulle dit en dan vat hulle dit huis toe.

**V:** O, oukei. Lekker!

**A:** (Ja.)

**V:** Kreef?

**A:** Tristan is mos ‘n kreef ...

**V:** Ja.

**A:** Ja, ons koop kreef ook daar.

**V:** Lekker!

**A:** Baie ... !

**V:** Genugtig ...

**A:** Ja; nogal goedkoop ...

**V:** En op SANAE, daar’s wel plek vir julle om op daai basis te bly?

**A:** Ja. Dis dieselfde as dié ene; ja.

**V:** Oukei.

**A:** Dis nou nie só uitgelê nie, maar dis dieselfde tipe ...

**V:** Oraait. Nou op Marion ... Kry julle baie geleentheid om te gaan rondstap as julle nou klaar is met julle werk?

**A:** Man, ja en nee. Maar ...

**V:** Of hang dit maar van julle self af?

**A:** Dit hang af van Adriaan (Adriaan Dreyer) af. Hy sê altyd ... Kyk, ek laat die ouens baie stap, want die vorige ou het nie dat hulle enigsins iewers heen gaan nie, so ... Nee, die ouens loop lekker rond. Maar, soos ek vir jou gesê het, ons is redelik op *standby*, so as iemand seerkry in die veld of *whatever*, ons is op 'n ...

**V:** Dan moet julle nou reg wees om te gaan vlieg ... Moes julle al ooit iemand so gaan haal wat seer gekry het?

**A:** Nie wat ek nou vinnig kan ... Nee; nee.

**V:** So julle was nog altyd veilig? Geen insidente ... ?

**A:** Ja. Ek kan nou nie vinnig dink nie, maar ... Iets sê vir my daar was iets, maar ek kan nie aan iets dink nie. Maar dit was nie ernstig nie; dis net 'n ...

**V:** Oraait. Nou as julle nou so oor die eiland vlieg, wat is jou reaksie? Hoe voel jy daaroor?

**A:** Dorie, dis my *job*, man!

**V:** Ja, so? Ek weet dis jou *job*, maar baie mense sou sê dis 'n baie lekker *job*.

**A:** Kom laat ek jou sê ...

**V:** Of is julle al gewoond daaraan?

**A:** Ja, ek's miskien al te gewoond daaraan.

**V:** En dieselfde met Gough dan seker?

**A:** Ja, Gough is *boring*; *genuine boring*. Want ek het al die geleentheid gehad om om die eiland en om bo-op die eiland ... Peter Ryan, een *scientist*, soontoe te vat, maar ... Gough is maar dieselfde as Marion; dis net bietjie hoër. Natuurlik, Gough is eintlik baie mooier as Marion.

**V:** Hoe so? Groener?

**A:** Ja, dis maar ... Daar's net verskillende rotsformasies en ...

**V:** Ah, oukei.

**A:** Marion is ... net 'n stuk klip.

**V:** Jy's al baie gewoond.

**A:** Ja, dis seker so. As hulle my vra SANAE ... SANAE is vir my seker ... Almal sê 'oe! dis so pragtig daar' – hulle kan nie vir my sê wat is pragtig nie. Maar dis net wit waar jy kyk. Daar' s nie 'n boom nie; daar's nie 'n bok nie; daar's nie 'n dier nie ... Oukei, daar is hier en daar 'n pikkewyntjie ...

**V:** Maar dis maar meestal aan die kus, en die Suid-Afrikaanse basis is mos maar redelik binnelands?

**A:** Ja, so, hang af waar vanaf ... maar so 200 km, 250 km van die ...

**V:** Oukei.

**A:** Ja. Dis maar my *personal opinion*.

**V:** Ja, natuurlik. Nou watter een van die drie is vir jou die lekkerste een om te besoek?

**A:** Definitief nie SANAE nie; SANAE gee my grys hare.

**V:** Hoekom?

**A:** Ag, dis net die *hostile environment* wat daar is. Jy's nooit ... Jy kan nie met oorgawe na Neumayer toe vlieg nie, want jy weet nie ... Dit verander so vinnig daar, né ... Ek's nie baie mal daaroor nie. Maar hierso ... As ek moet kies? Gough, definitief, want ons kan visvang.

**V:** (Lag.) Lekker! Nou jy't dalk gesien die basis hier op Marion, hoe dit verander het en hoe hulle dit gebou het ...

**A:** Ek was nie rêrig betrokke by die ... Toe ek hier kom, toe was die basis al hier.

**V:** O, maar hy was nog nie bewoon nie ...

**A:** Hy was nog nie ... ja, *occupied* nie. So ... En ek het al in die onderste basis gebly, wat nie ... wat vir my absoluut *horrible* was.

**V:** Ja, ek wou nou juis vra hoe dink jy vergelyk die ou en die nuwe basis?

**A:** Nee, hierdie plek is baie *nicer*. Daai ander plek was op, vrot, stukkend. Ja, hierdie plek is baie *nicer*. Ek weet nie vir hoe lank gaan hý hou nie, voor die rotte hom nou ook opvreet nie ...

**V:** Ja, want die muise is mos nou klaar oral ...

**A:** Maar nou ja ...

**V:** Het julle al muise hier binne gevang?

**A:** Ja, 21.

**V:** Wat?! Hier in die heli-hangar? Goeie genugtig!

**A:** Ja. Hulle is orals hierso, maar dis nie toe nie.

**V:** O ja, dis ...

**A:** Maar daar bo by ons het hulle nou toegemaak, so hulle kan daar nou glad nie inkom nie.

**V:** Ja, hulle moet seker ‘n hele paar trappe klim, of iets ... My genugtig! Nou is daar enige iets, enige insidente, van jou ... sê nou jou betrokkenheid by die SANAP-program, wat spesifiek vir jou uitstaan? Hetsy positief of negatief ...

**A:** Nee.

**V:** En hoe is dit om saam met DEA te werk? Of is dit maar gewoon hulle gee hulle instruksies deur en julle ...

**A:** Ja ... Ag kyk, om saam met Adriaan te werk, is *absolute bliss*, want hy weet wat hy wil hê; alles is gestruktureer; alles loop volgens plan. Maar ek het al by vorige geleenthede saam met ander ouens gewerk wat ek glo nie die pyp rook ... glad nie, maar ons sal nou nie daaroor ...

**V:** *Fair enough* ...

**A:** Ja, dis net ... Weet, as jy van die Agulhas af ... Marion-*trips* is nie so *serious* nie, maar SANAE-*trips* ... Ja, dis nou gelukkig nie ... Jy’s nou nie hier om ‘n onderhoud dáároor te voer nie, maar ek jou sê, hulle moet ouens kry wat weet wat aangaan. SANAE is gevaarlik, jong – om die regte besluit te maak ...

**V:** Wel, ons kan bietjie daaroor ook gesels ...

**A:** Nee, nee, nee. Nee.

**V:** Nee, dis fyn ... Maar dink jy dit sou ... Die mense wat die besluite moet neem, wat ... hetsy die wetenskaplikes maar ook die mense met wie julle werk, dink jy hulle sal almal daarby baat as hulle hiernatoe kom en SANAE toe gaan en Gough toe gaan en eerstens die omstandighede sien waaronder julle en die res van die mense moet werk?

**A:** Ja, ek dink dis ook ‘n groot deel ... want die mense ... Hulle kry nie meer mense om hiernatoe te kom nie, soos jy weet. Hulle sukkel om mense te kry. Ek weet nie hoekom nie.

**V:** Praat jy spesifiek soos ... van spanlede ... ?

**A:** Ja, van jaarspan-lede ... Kyk, die wetenskaplikes wat hier kom net vir die maand – hulle is volop. Hulle sal altyd daar wees. Maar ek bedoel soos jaarspan-mense ... Hulle sukkel, jong! Hulle sukkel. Hoekom weet ek nie. Ek weet vir ‘n feit hulle sukkel. Maar hulle moet daar ook, daai tipe mens wat hulle kies om na hierdie eilande toe te kom ... Ek weet nie wie doen dit nie, maar ...

**V:** Ja, ek sal hulle ook nog vra ...

**A:** Hulle moet die regte mense kies.

**V:** Nee goed. Ons is nou naby aan die einde ...

**A:** Ek's bly, Dora!

**V:** Is daar enigiets van geskiedkundige belang, of enigiets in die buitewêreld, wat gebeur het terwyl jy weg was?

**A:** Baie!

**V:** Soos wat?

**A:** O, in die laaste een wat ons nou weg was, was dit daai groot tsunami ... Ja, ek kan nou nie vinnig dink nie, maar daar's 'n paar goed wat al gebeur het. Hoekom so 'n vraag?

**V:** Ja, ek vra maar net. Dis mos nou die *legacy*, geskiedenisprojek, so ...

**A:** Oukei.

**V:** Mens wonder maar net. En julle kommunikasie met Suid-Afrika is maar internet ...

**A:** Swak!

**V:** Swak?

**A:** Die internet is absoluut hond!

**V:** Stadig; ja.

**A:** Ja-nee; dit is 'n pyn in die gat, want elke keer moet ... Daar is net nie ... Jy kan net nie *email* stuur nie, want daar moet werk gedoen word, en hierdie ouens besef net nie ... Die tegnologie gaan aan; dit staan nie stil nie!

**V:** (Ja.) So reken jy die internet op SANAE is aansienlik vinniger?

**A:** Nee, dis nie aansienlik vinniger nie, dis net hulle het die meeste *bandwidth*.

**V:** O, oukei ... ja.

**A:** Ja, hulle het die meeste – vir watter ... vir hoekom weet ek nie ... seker omdat hulle die verste is.

**V:** Ja, seker maar.

**A:** Dis net so .. Dis so maklik soos dit: hulle kan net die *bandwidth* aanskuif hiernatoe vir die tydperk wat die ouens hierso is, en as hulle weg is, dan gee hulle dit net weer terug vir hulle.

**V:** (Ja.)

**A:** Dit kan gedoen word, maar huh-uh ... *suffer*! Dis 'n pyn, ek sê jou.

**V:** Ja, want dit lyk my mense kry mense kry minder werk gedoen omdat hulle net nie kan kommunikeer met Suid-Afrika nie.

**A:** Met elke *takeover* is dit dieselfde. En ek het nou al ... Ek het nou al 11 gedoen. En met elke *takeover* is dit dieselfde storie. Die telefone is wonderlik ... maar ek bedoel, dit kos geld. Die internet is nie so duur nie. En jy kan nie ‘n brief tik oor die telefoon nie ...

**V:** Ja, dis waar.

**A:** En, ongelukkig, in my posisie moet ek weekliks ...

**V:** Verslae stuur ... ?

**A:** Ja, en dit kom net nie uit nie. Die ouens dink ek wil dit nie doen nie ... Dis *pathetic*!

**V:** Nou, laastens: beskryf vir my Antarktika, Marion en Gough.

**A:** Moet ek dit vir jou beskryf?

**V:** Ja. Sommer eerstens Antarktika.

**A:** Antarktika ... Vir die ou wat graag Antarktika wil sien, *out of a* vlieënier se oogpunt ... of uit watse oogpunt wil jy hoor?

**V:** Enige oogpunt wat jy wil. Jy kan sommer al twee ook gee, vlieënier en persoonlik.

**A:** Nee, ek dink net, as jy Antarktika gesien het, glo ek, eenkeer, het jy hom klaar gesien – dis my persoonlike opinie. Daar’s niks ... Daar’s niks *wow!* nie. As jy hom sien, is dit [fluit]; dis *big* en *vast, brother*. As ek nie soontoe hoef te gaan weer nie, sal ek nogal bly wees ... Maar ek weet nie; ek kan nou nie daai besluit ... Maar ek sal daai besluit kan maak hierdie jaar.

**V:** Oukei.

**A:** Marion en Gough ... Ja ... Ek glo dis seker maar ‘n *scientist* se droom om op sulke plekke te wees; ja.

**V:** En ‘n vlieënier?

**A:** Nee wat ... ! Miskien vir jong outjies wat bietjie ondervinding wil optel; ja. Dis miskien ‘n goeie *stepping stone*, maar ... Ek weet nie; *boring.*

**V:** Is daar enigiets anders wat jy wil byvoeg?

**A:** Nee wat, ou Dorie.

**V:** Betrokkenheid ... ?

**A:** Nee, ek kan nie nou dink nie.

**V:** Dis reg. Baie dankie!